

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Romeine 8 : 26-36

**Tema :** Werk alles uiteindelik ten goede mee? Dinge gebeur, goed en sleg. Ons weeg nog 'n uitspraak van 'n uitgesproke leraar.

### BROODJIES VIR DIE PAD

“Normality is a paved road: It's comfortable to walk, but no flowers grow on it.”

— Vincent van Gogh

“Where does a story truly begin? In life, there are seldom clear-cut beginnings, those moments when we can, in looking back, say that everything started. Yet there are moments when fate intersects with our daily lives, setting in motion a sequence of events whose outcome we could never have foreseen.”

— Nicholas Sparks, *A Bend in the Road*

“Do not assume that he who seeks to comfort you now, lives untroubled among the simple and quiet words that sometimes do you good. His life may also have much sadness and difficulty, that remains far beyond yours. Were it otherwise, he would never have been able to find these words.”

— Rainer Maria Rilke

“When you are in the final days of your life, what will you want?

Will you hug that college degree in the walnut frame? Will you ask to be carried to the garage so you can sit in your car? Will you find comfort in rereading your financial statement? Of course not. What will matter then will be people. If relationships will matter most then, shouldn't they matter most now?”

— Max Lucado

“If anyone on the verge of action should judge himself according to the outcome, he would never begin.”

— Søren Kierkegaard, *Fear and Trembling*

“What matters in life is not what happens to you but what you remember and how you remember it.”

— Gabriel Garcia Marquez

“I ask you neither for health nor for sickness, for life nor for death; but that you may dispose of my health

and my sickness, my life and my death, for your glory ... You alone know what is expedient for me; you are the sovereign master, do with me according to your will. Give to me, or take away from me, only conform my will to yours. I know but one thing, Lord, that it is good to follow you, and bad to offend you. Apart from that, I know not what is good or bad in anything. I know not which is most profitable to me, health or sickness, wealth or poverty, nor anything else in the world. That discernment is beyond the power of men or angels, and is hidden among the secrets of your providence, which I adore, but do not seek to fathom.”

— Blaise Pascal

“In my own life, as winters turn into spring, I find it not only hard to cope with mud but also hard to credit the small harbingers of larger life to come, hard to hope until the outcome is secure. Spring teaches me to look more carefully for the green stems of possibility; for the intuitive hunch that may turn into a larger insight, for the glance or touch that may thaw a frozen relationship, for the stranger's act of kindness that makes the world seem hospitable again.”

— Parker J. Palmer, *Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation*

“Scars have the strange power to remind us that our past is real.”

— Cormac McCarthy, *All the Pretty Horses*

“Learning to live with ambiguity is learning to live with how life really is, full of complexities and strange surprises...”

— James Hollis, *What Matters Most: Living a More Considered Life*

“Being able to feel safe with other people is probably the single most important aspect of mental health; safe connections are fundamental to meaningful and satisfying lives.”

— Bessel A. van der Kolk, *The Body Keeps the Score: Brain, Mind, and Body in the Healing of Trauma*

“You see, you closed your eyes. That was the difference. Sometimes you cannot believe what you see, you have to believe what you feel. And if you are ever going to have other people trust you, you must feel that you can trust them, too--even when you're in the dark. Even when you're falling.”— Mitch Albom, *Tuesdays with Morrie*

“You can't connect the dots looking forward; you can only connect them looking backwards. So you have to trust that the dots will somehow connect in your future.”

— Steve Jobs

### **Herman Lategan: Om weer veilig te voel soos baie lank gelede Netwerk24**

Die man droom sy gô is uit. Hy voel soos dooie stof en soek na 'n vars lewensuitkyk, dalk deur terug na sy verlede te staar.

Dit is vir hom asof die aardbol 'n dodehuis is, geklapstaponeer met hoesende kadawers en die aanhoudende agtergrondgeraas van kru vooruitgang. Hy wens hy kon grasieus op die ritme van verandering dans.

Die man voel anoniem en sonder familie, maar dan onthou hy 'n stuk uit die Bybel: “Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.”

Die man dink aan sy oorlede ouma en haar eenvoudige huis met die blinkrooi stoep, koejawelboom en groot tuin. Hy sal soos die verlore seun opstaan en soos kleintyd die Bitterfontein-trein na haar toe neem.

Hy sal weer onder daardie boom sit en met dolosse speel, saans met kerslig bed toe gaan, soggens wakker word met die brandende hout in die Dover-stoof se geknetter. 'n Ketel sal met stomende brakwater fluit. Die trein sal by al die ou bekende stasies stop: Moorreesburg, Piketberg, Het Kruis, Graafwater, Klawer, Vredendal en dan Lutzville. Dit maak nie saak hoe laat in die diep nag dit is nie, by elke stasie sal hy nuuskierig na die perron uitkyk.

Hy sal die venster na onder druk, oopmaak en die skitterende krytwit Melkweg inasem. Soms sal die maan die perronne verlig. Die donkerte sal warm wees en die duisternis sal langs sy nek asemhaal.

Miskien sal dit ysig wees en die punt van sy neus sal soos ? kat se natkoue een voel. Dan sal hy sy snuit wikkkel-wikkkel. Hy sal spin van welbehae. Die lewe sal mooi en goed wees vir hierdie rooiwangkind. By elke perron is daar die kenmerkende stoom- en steenkoolreuk.

Die klank van melkkanne vol vars melk wat gelaai word, sal weergalm, asook 'n krikekoor. 'n

Kondukteur loop langs die waens met sy lamp, wieg-wieg gaan die liggie.

'n Fluitjie blaas. Die lokomotief gee 'n kort toet. 'n Lang wurm waens ruk-ruk as hulle begin beweeg. Sshhhh blaas die lokomotief. Kadoef-kadoef, tak-tak, kadoef-kadoef, tak-tak, gaan die trein se wiele. Daar is fyn klinkertjies, klein rooi steenkoolstukkies, wat uit die lokomotief waai. As hy nie sy kop vinnig binne toe trek nie, kan hulle 'n vel eina brand.

Wanneer hy gaan inkruip, sien hy weer die helder hemelliggame. Die ovale spieël met sy blink raam glinster in die donker.

Hy sal by sy ouma se voordeur aanklop. Sy sal oopmaak en hom verwelkom, asof hy lank in die woestyn rondgewandel het. Hy sal haar hande vashou en veilig in hierdie dorre wêreld voel.

Daarna sal hy hom soos kleintyd aan haar bed se voeteneut werp en sy sal hom aan die slaap sus.

### **BROOD VIR DIE PAD**

#### **Geestelike waardes: Wie van al hierdie mense kwalifiseer as ongelukkigste? RRV**

In die Deense filosoof Søren Kierkegaard se invloedryke werk Enten–Eller (1843; in Engels vertaal as Either/Or: A Fragment of Life) is daar 'n gedeelte met as opskrif “Die ongelukkigste een”. Dié teks neem die vorm aan van 'n voordrag gelewer by 'n byeenkoms van 'n denkbeeldige groep medesterfgenote, en begin met 'n verwysing na 'n graf iewers in Engeland met die inskripsie “Die ongelukkigste”.

In 'n stadium het iemand hierdie graf oopgegrawe – net om daar geen lyk te vind nie! Daarom die uitnodiging tot 'n kompetisie om te bepaal watter soort mens dan as die ongelukkigste beskou moet word. En wat sodoende dié leë graf waardig sal wees.

Wat uit Kierkegaard, of die persona hier aan die woord, se daaropvolgende betoog blyk, is dat ongelukkigheid ten nouste met “afwesigheid” saamhang. Vir die ongelukkige mens is die lewe altyd elders te vinde as waar jy is.

In sy uitvoerige en boeiende bespreking van Kierkegaard se teks in sy boek Identi-tijd: Tussen

toekoms en verlede (2023) maak die Nederlandse filosoof Paul van Tongeren dit duidelik dat Kierkegaard nie net afwesigheid ruimtelik verstaan nie (om nie hiér te wees nie), maar veral deur middel van tyd (om nie n u te wees nie). Jy kan, byvoorbeeld, nie behoorlik teenwoordig wees nie omdat jy in die verlede leef, en alleen maar praat oor hoe dinge t e was. Of jy kan afwesig wees deur in die toekoms te leef, en altyd maar te droom oor later.

Tog, meen Kierkegaard, kan ’n mens hierdie soort mense (wat  f volledig in die verlede  f die toekoms leef) weliswaar objektief as ongelukkig beskou, maar op ’n subjektiewe vlak voel hulle dalk nie ongelukkig nie omdat hulle ten minste in ’n afwesige tyd aanwesig voel.

Wie wen dan die kroon as die ongelukkigste? Die beskrywing van die naamlose een wat volgens Kierkegaard hierdie titel verdien is egter vaag en enigmaties. Miskien doelbewus om ’n spieel op te hou waarin ons iets van onself kan herken? In “Die ongelukkigste een” is daar, soos Van Tongeren uitwys, die oproep om in die tyd aandagtig aanwesig te wees.

Dit is ook betekenisvol dat Van Tongeren in ’n dankwoord aan die einde van Identi-tijd erkenning gee aan die Afrika-teoloog Teresa Okure, wat in ’n gesprek waarin hy gekla het dat hy tyd kortkom, gereageer het: “Jy het ’n hele lewe vol tyd gekry en nou is jy ontevrede!” Dit het hom laat beseef hoe moeilik dit is om tevrede te wees met dit waarvan ons meer het as enige ander goed. – RRV

[wynandqnel@outlook.com](mailto:wynandqnel@outlook.com) 082 901 5877